# Hoofstuk VII

.............

## Die Plaasskole 1910 - 1938

---

### 1. Inleiding.

Hierdie tydperk het die bloei en verval van 'n aantal bestendige plaasskole opgelewer. Die gebruik van boere om bywoners aan te neem, het veral na die Driejarige Oorlog toegeneem. Plase in Wes-Transvaal is oor die algemeen groot, maar die feit dat van bywoners gebruik gemaak is, het nie noodwendig beteken dat die boer 'n voorman, of bestuurder, in diens moes neem nie; daarvoor was hy nie welvarend genoeg nie. Baie plaaseienaars was nie genee, of in staat, om sy kinders op die dorpe, waar geen departementele koshuise voor 1918 veral, te laat inwoon nie. Boere het gevolglik saamgewerk om plaasskole te verkry en waar die vereiste inskrywing kortgeskiet het, is bywoners aangeneem. En omdat die boere en die skoolraad besef het dat die skole tydelik sou bestaan, is die geboue wat in gebruik geneem is gewoonlik deur die plaaseienaar opgerig en aan die Onderwysdepartement verhuur. Die raad moes dikwels die eienaars 'n bedrag voorskiet om die gebou op te rig ; dikwels is hulle as geheel ondoelmatig beskrywe deur die inspekteurs, maar in gebruik gehou omdat geen ander vloerruimte verkrybaar was nie.

As gevolg van sy beleid van desentralisasie het die raad daarin geslaag om 'n aansienlike aantal plaasskole in die lewe te roep en hulle aan die gang te hou totdat die Departement se sentralisasiebeleid deurgevoer is.

Die gedeeltelike ontvolking van die platteland wat op die jare van droogte en finansiële resessie in 1933 gevolg het, het die voortbestaan van menige plaaskool in gevaar gestel veral nadat die Diamantwette van 1927 die doodsklok oor die spoeldelwerye gelui het.[1]

2. Palmietfontein 146.

Aan die einde van 1910 het hierdie skool 'n inskrywing van 41 gehad, maar gedurende die volgende jaar het die skoolbesoek afgeneem en die raad het die kommissie daarop gewys dat die assistente verplaas sou word indien die inskrywing nie verbeter nie.[2] In 1912 is die nuwe skoolgebou en onderwyserswoning in gebruik geneem en nadat die skool sy eie watervoorsiening gekry het, is die skool £5 toegeken om bome aan te plant.[3]

Op 12 Desember 1916 het die raad 'n afvaardiging van die kommissie, wat versoek het dat middelbare onderwys tot st. VII aan die skool verskaf word, aangehoor. Op grond van die verbeterde inskrywing het die raad hierdie versoek goedgekeur en by die onderwysowerhede aanbeveel[4] en nadat voorsiening gemaak is vir die nodige vloerruimte is 'n derde leerkrag aangestel wat en 'n St.VII-klas ingestel.[5]

Vir die jare 1918, 1921 en 1924 was die inskrywing 66, 75 en 44 respektiewelik,[6], maar daarna het dit afge-

1. Vgl. Hoofstuk VIII

2. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1

3. Ibid, Boek 2

4. Ibid, Boek 3

5. Ibid

6. Jaarverslae

neem en met ingang van 1926 is die skool tot graad IVB verminder.[1] Die heer P.C. de Jager het die skool vir sowat 12 jaar as hoof gedien.[2]

3. Zoutpan 169.

Hierdie skool het nie gedurende die Republikeinse tydperk bestaan nie, maar was een van die eerste om na die Driejarige oorlog te open. Dit is naby die geskiedkundige plaas Witgatboom geleë en ook naby die soutpan wat in die vroegste geskiedenis van die distrik soveel keer genoem word.

'n Permanente gebou, Tipe C ( vir 64 leerlinge ) is in 1910 opgerig en op Boomplantdag 1911 is die terrein versier deur die aanplant van 150 bome.[3] Teen 1912 het die skool 'n inskrywing van meer as 80 leerlinge geha[4] en tog is die versoek om 'n St.VII-klas te stig geweier,[5]. Hierdie styging was te danke aan 'n aantal leerlinge wat per trein vanaf Kromellenboog vervoer is, maar veral omdat die ontginning van sout werkers getrek het.[6]

Nadat die skool 'n St.VII-klas geweier is, het die kommissie 'n naamlys van leerlinge wat gebruik wou maak van voortgesette onderwys aan die raad voorgelê, maar aangesien die ouderdomme "die van mannen en niet kinderen" was, is die versoek van die hand gewys.[7]

As gevolg van die stigting van 'n skool op die naburige Kromellenboog en die vermindering van die getal soutwerk-

1. Jaarverslag 1925, 1926
2. Jaarverslae
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek
4. Jaarverslag
5. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 2
6. Ibid
7. Ibid

ers het die skoolbesoek gedaal en tussen 1927 en 1931 was dit 'n IVB skool.[1]

4. Vuurfontein 61

In 1910 is 'n Milnertipe gebou teen 'n koste van £1023 vir die skool opgerig.[2] Die kommissie het hom beywer om 'n sentrale koshuis op te rig, maar die raad het die plan afgekeur en vervoerbeurse aangebied om te verhinder dat leerlinge van ander skole onttrek mag word.[3]

As gevolg van droogtes en rondtrek van die bewoers moes die skool vir 'n tyd as O.P.S. bestaan, maar teen 1915 het die skoolbesoek so bestendig gebly dat die heer J.M.Friedenthal as hoof van die tweemanskool benoem is.[4] Tussen 1925 en 1936 is 'n gemiddelde inskrywing van meer as 30 leerlinge gehandhaaf. Dit in 1937 opgehou om te bestaan.[5]

5. Verlatenkraal 156.

Die raad het in 1909 die kommissie daarop gewys dat die skool se inskrywing nie 'n goewermentskool regverdig nie.[6] Nadat die skoolbesoekbeampte die skool besoek het, het die raad aanbeveel dat die skool vir die volgende jaar bestaan en ook aan die hand gedoen dat 'n meer sentrale terrein aangewys moet word.[7] Nadat die skool vir die eerste kwartaal van 1910 gesluit was, het die raad versoek dat dit heropen

" omdat de jeugd aan verwaarlosing prys gegeven

1. Jaarverslae

2. Jaarverslag 1910, 254

3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1
4. Ibid, Boek 2
5. Jaarverslag 1936 gee dit nog aan, maar dit kom nie in die lys van 1937 voor nie.
Vgl. Notule van Bloemhofse Skoolraad, Boek 11
6. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1
7. Ibid

worden."[1] Na 1912 het dit herlewe as tweemanskool en in 1915 is 'n nuwe skool en onderwyserswoning opgerig. Tussen 1918 en 1937 het dit as eenman- of as tweemanskool bestaan.[2]

6. Vechtvallei 329.

Gedurende 1910 tot 1913 was hierdie skool in 'n ondoelmatige gebou gehuisves [3], maar 'n nuwe skoolgebou en onderwyserswoning is in 1913 in gebruik geneem. 'n Aantal leerlinge afkomstig van die delwery op Dievedraai het die skoolbesoek aanmerklik laat styg, maar nadat die delwers weer verhuis het, het die inskrywing gedaal en teen 1923 het die skool sy bestaan as eenmanskool beswaarlik geregverdig.[4] In April 1926 het die inskrywing weer gestyg, maar na Maart 1931 het die skool opgehou om te bestaan.[5]

7. Proposal en Camelford.

Teen die middel van 1911 is 'n verskuifbare gebou om as skool te dien en 'n onderwyserswoning op Proposal opgerig.[6] Die heer H.J.Taillard van Riversdal is die volgende jaar as hoof benoem.[7] Nog dieselfde jaar het die kommissie beswaar gemaak teen die gebruik van Engels vir die onderwys van geskiedenis en aardrykskunde, en ook gekla dat die hoof weier om wetenskap te doseer. Die raad

---

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1
2. Jaarverslae
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1
4. Jaarverslag
5. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 9
6. Ibid, Boek 1
7. Ibid

het hierdie klagte laat ondersoek en die onderwyser is verplaas.[1] In 1917 het die getal leerlinge sover gedaal dat die assistente verplaas is en na twee verdere kwartale het dit voortbestaan as ondersteunde plaasskool.[2]

In Julie 1921 is vertoë tot die raad gerig om die skool te heropen aangesien die kinders van spoorwegamptenare wat op die naburige Camelfordstasie werksaam was, 'n tweemanskool sou regverdig.[3] Na 'n ondersoek ter plaatse het die raad besluit dat Camelfordstasie die geskikste terrein vir 'n skool gebied het. Geboue was egter nie beskikbaar nie. Twee tente is opgeslaan en met ingang van 1922 het die heer D.J.Grundlingh en mej.M.A. de Lange die skool geopen.[4]

Aangesien die omstreke van Camelfordstasie dun bevolk was, is 'n versekering van die spoorwegadministrasie verkry dat alleenlik spoorwegamptenare met families na Camelford verplaas sou word.[5] Hierdie reëling het verseker dat die skool as tweemanskool sou voortbestaan en as sodanig bestaan dit tans (1954) nog.

Byna 'n jaar het verloop voordat die tente deur 'n verskuifbare gebou vervang is,maar aangesien daar nog geen onderwyserswoning beskikbaar was nie moes die hoof op Christiana,wat 14 myl verwyder is, woon.[6] Hierdie ongerief was waarskynlik een van die redes waarom die inspekteur die werk van die onderwyser as onbevredigend beskou het.[7] 'n Ondersoek deur die mediese inspekteur van

---

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 2
2. Ibid, Boek 3
3. Ibid, Boek 6
4. Camelfordse Skooljoernaal 1922
5. Notule van die Bloemhofse Skoolraad,Boek 8
6. Meegedeel deur die heer H.A. Spamer wat die heer Grundlingh opgevolg het.
7. Notule van die Bloemhofse Skoolraad,Boek 7

skole dieselfde jaar het aan die lig gebring dat 'n groot persentasie van die leerlinge ondervoed was, en hy het aanbeveel dat 'n ligte maaltyd eenmaal per skooldag verskaf word.[1] Voor die einde van 1928 is voorsiening gemaak vir 'n woning vir die hoof en toe die inspekteur, die heer P.Imker Hoogenhout, die skool in 1928 besoek,kon hy gunstiger oor die vordering van die leerlinge rapporteer. "Die assistente verdien 'n spesiale woord van lof vir die werk wat sy die afgelope drie jaar gedoen het."[2]

8. Schoonzicht 105.

Gedurende 1911 en 1912 is verskeie vertoë tot die raad gerig om 'n skool op hierdie plaas te stig. Die pogings is met sukses bekroon toe die skool in Januarie 1913 in 'n private gebou,wat kosteloos vir die doel deur die eienaar afgestaan is, geopen is.[3] Die gebou was egter nie doelmatig nie en die gebou wat op die delwery diens gedoen het is later hierheen oorgeplaas.[4] Nadat voorsiening vir 'n boorgat en windpomp gemaak is, het die onderwysers en leerlinge 'n blom- en groentetuin aangelê.[5] Die heer J.D. Hugo het die skool vir meer as 6 jaar as hoof gedien.[6] Na 1929 het die inskrywing afgeneem en 'n sentralisasieskema het voorsiening gemaak om die leerlinge van die omgewing elders op te neem.[7]

9. Kareepan 113, Greenwood,Kareepan 164 en Rietfontein 154.

In Oktober 1921 het die raad kennis geneem dat 'n

1. Camelfordse Skooljoernaal-1924
2. Ibid, 1925
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 1
4. Ibid, Boek 2.
5. Ibid, Boek 4
6. Jaarverslae 1918 - 1924
7. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 12

skool met ingang van 1922 toegestaan is op Kareepan 113.[1] Die kommissie het versoek dat die skool as Greenwood bekend sal wees en na April 1923 word net na die Greenwoodse skool verwys.[2] In Desember 1925 het die skool gesluit, maar kort daarna as ondersteunde plaasskool heropen en assulks vir die volgende vier jaar voortbestaan.[3] 'n Sentralisasieskema het die leerlinge later op Bloemhof besorg.[4]

Die skool op Kareepan 164 het ook met die aanvang van die skooljaar in 1922 geopen en vir die volgende drie jaar het dit as tweemanskool gedien.[5] Vanaf 1926 het die inskrywing afgeneem en dit is in 1926 vir goed gesluit.[6]

Op Rietfontein 154 het 'n eenmanskool gedurende 1910 en 1911 bestaan en in die volgende jaar het die kommissie die raad daarop gewys dat as die skool 'n aantal voertuie tot sy beskikking kon kry, sou die inskrywing heelwat opgeskuif word.[7] Die raad het hierop geantwoord dat as die kommissie sou toesien dat 'n goeie rytuig, tuie, trekdiere en 'n betroubare drywer beskikbaar gestel word, die koste uit beurstoelae vergoed kon word.[8] Die kommissie het hierdie aanbeveling aanvaar en die skool het 'n bestendige tweemanskool gebly tot 1931.[9]

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 6
2. Ibid
3. Ibid, Boek 7
4. Ibid, Boek 10
5. Ibid, Boek 7
6. Ibid Boek 8
7. Ibid, Boek 2
8. Ibid
9. Ibid, Boek 9

10. Amsterdam, Fort Weber en Zaailaagte.

Tussen 1908 en 1912 het ondersteunde plaasskole op beide Amsterdam en Fort Weber bestaan.[1] Aangesien die inspeksierapporte oor e.g. skool ongunstig was, wou die raad die versoek om dit as goewermentskool te gradeer nie toestaan nie.[2] Fort Weber is met ingang van 1913 as goewermentskool erken en die heer C.H. Badenhorst is tot hoof benoem.[3] Erkenning van Amsterdam as goewermentskool het agterweë gebly tot 1916.[4] As gevolg van die algemene skaarste van onderwysers moes die skool op Amsterdam vir 'n geruime tyd gedurende 1918 gesluit staan en na die tweede kwartaal 1918 het Fort Weber tot ondersteunde plaasskool verval.[5]

In 1927 is Zaailaagte as goewermentskool erken en die volgende jaar was die inspeksierapport oor die werk van die skool sò gunstig dat die onderwyseres, mej. H.C. Conradie die gelukwensing van die raad ontvang het.[6]

Tussen 1928 en 1935 het hierdie skool 'n inskrywing van ongeveer 30 gehandhaaf en dit het voortbestaan tot 1937.[7]

11. Avondster 238 (Aandster Sentrale Skool)

Hoewel die raad die versoek van die bewoners van Avondster en omgewing '.. om 'n skool te stig, aanvanklik geweier het uit vrees dat die skool op Vuurfontein, wat slegs 8 myl daarvandaan verwyder was, benadeel sou word, is die Avondster 238-skool met ingang van die derde kwar-

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boeke 1 en 2
2. Ibid, Boek 2
3. Ibid
4. Ibid, Boek 3
5. Ibid, Boek 4
6. Ibid, Boek 9
7. Ibid, Boek 11

taal 1914 geopen.[1] Dit het as eenmanskool bestaan tot 1921 toe 'n assistent benoem is en vir die volgende 11 jaar het die skool 'n inskrywing van 30 tot 40 getel.[2]

In 1932 was die skool omring deur die volgende skole of gebiede waar skole bestaan het :[3]

a. Vechtvallei, waar die skool die vorige jaar gesluit het ;

b. die gebied Fort Weber-Amsterdam wat bedien is deur 'n ondersteunde plaasskool ;

c. Vuurfontein, wat toe 'n inskrywing van 37 gehad het ;

d. Amalia, onder die raad van Schweizer-Reneke, wat 103 leerlinge getel het.

Sedert 1932 het die kommissie hom beywer om 'n sentrale skool op hierdie plaas op te bou, maar die plan sou alleenlik uitgevoer kon word as 'n koshuis verkry kon word. Om die plan te bevorder het die raad die Departement oorreed om die verskuifbare gebou op Vechtvallei na Avondster te laat verplaas. Hierdie werk is die volgende jaar uitgevoer en die eerste stap tot sentralisasie is bereik.[4] Die ywerige hoof, die heer J.L.Spies, bygestaan deur die skool- en koshuiskommissies, het nou getoon wat deur die ouers en die kinders op eie inisiatief tot stand gebring kon word :[5]

a. die ouers het self die beddens, tafels, ens. voorsien ;

b. hoenderkampe, varkhokke en koeistalle is eiehandig opgerig ;

c. die skamele watervoorraad is ingespan om 'n groen-

---

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 18.8.1914
2. Jaarverslae vir die tydperk
3. Gegewens gehaal uit die Notules van die Bloemhofse Skoolraad
4. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 10
5: Joernaal van die Avondsterse Skool 1933

tetuin aan te lê ;

e. die koshuisleerlinge moes soveel moontlik self die organisasie van die koshuis waarneem.

Om die koshuis te finansier is die inkomste van die losiesbeurse aangewend en die onkoste is verder bestry uit die opbrengs van geskenke,konserte en ander funksies.[1] In Junie 1934 is 'n matrone vir die koshuis benoem en in Augustus is die koshuis amptelik betrek. In 'n toespraak by hierdie geleentheid het die verteenwoordiger van die skoolraad te kenne gegee dat die raad 'n skoolplaas op Avondster wou stig.[2] Die raad het dan ook die daad by die woord gevoeg en in Julie 1935 is die raad deur die Departement van Onderwys opgedra om die eerste stappe te doen om grond vir die skool aan te koop.[3] Op hierdie tydstip het die raad en die inspekteur van onderwys ooreengekom dat die beoogde perseel aangewend sou word vir droëland proefdoeleindes."[4]

In September 1936 het die here C.J.Blom,inspekteur van onderwys, en R.S. Ferreira,sentralisasie-beampte en buitemuurse inspekteur, samesprekings met die raad gevoer i.s. sentralisasie-moontlikhede op Avondster en die volgende aanbevelings aan die Onderwysdepartement gedoen :[5]

a. die gekombineerde skole Fort Weber-Zaailaagte moes met 'n motorvervoerskema op Avondster byeengebring word ;

b. die bestaande koshuis moet tot provinsiale koshuis omgeskep word ;

c. van die raad se plan om 'n paar morge grond aan te koop, moes afgesien word ten gunste van 'n

---

1. Joernaal van die Avondsterse skool 1933,1934
2. Ibid, 12 Junie 1934
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 11
4. Ibid
5. Ibid

plaas van ongeveer 200 morge.

Die heer C.P. Davis is aangestel as hoof in Oktober 1937 en die nuwe jaar het belowend vir die skool begin toe die inskrywing op 65 gestaan het.[1] Die goeie inhoud van die inspeksierapporte oor die volgende twee jare het die gelukwensings van die raad uitgelok.[2]

Met ingang van 1938 het die Departement met die uitvoering van die sentralisasieskema op Avondster begin en die motorverdiens, soos aanbeveel [3], is in werking gestel. Aan die einde van die jaar het die personeel 5 getel en die skool is VIII gegradeer.[4] Twee jaar later het die onderwysowerhede die tweede stap gedoen om uitvoering te gee aan die voorneme om die skool tot skoolplaas te ontwikkel, en 150 morge grond is aangekoop.[5] Die raad het die volgende jaar aanbeveel dat die skool tot skoolplaas verklaar word, maar die Departement het geweier.[6] Teen Junie 1943 is £10,000 bestee aan geboue, meubels, die aankoop van grond, ens en die volgende maand het die raad kennis geneem dat 'n departementele kommissie benoem sou word om sentralisasie-moontlikhede in die Amalia-Avondster omgewing te ondersoek en aanbevelings te doen.[7] As gevolg van hierdie ondersoek het Amalia die leerlinge uit die Niekerkspangebied gekry en die Departement het voortgegaan om 'n skoolplaas op Schweizer-

---

1. Avondster Sentrale Skooljoernaal, Jan 1937
2. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 11
3. Vgl. vorige bladsy
4. Jaarverslag 1938
5. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, ged. 1?.?.1940
6. Ibid, ged. 7.8.1941
7. Ibid, ged. 22.6.1943

reneke, sowat 25 myl van Avondster, te stig.[1] Op aanbeveling is die skool se naam nou verander tot die Aandster Sentrale skool.[2]

Voordat die hoeksteen van die nuwe geboue, wat omstreeks £70,000 sou kos, deur die Administrateur, genl. J.J. Pienaar, op 12 Mei gelê is, het die inskrywing aan die einde van die eerste kwartaal tot 88 gedaal.[3] Die volgende jaar het die Departement van Onderwys die raad in kennis gestel dat die Aandster Sentrale skool nie skoolplaas-status sou kry nie, aangesien genoeg geriewe vir landbou-onderwys in Transvaal en in die Unie bestaan.[4]

12. Kleiner plaasskole.

Behalwe die bg. plaasskole is daar 'n aantal kleiner skole tussen 1909 en 1926 in die Bloemhofse skoolraadsgebied gestig. Sommige van hulle het in die omstreke van delwerye ontstaan, maar hulle het hulle inskrywings veral aan permanente en tydelike plaasbewoners te danke gehad.

Die volgende tabel toon die lotgevalle van hierdie skole aan :[5]

| Skool | Geopen | Ander besonderhede |
|---|---|---|
| i. Balmoral 313 | 1911 | Sluit 1911 |
| ii. Boskop | 1926 | Sluit 1926 |
| iii. Damplaats | 1911 | Na 1916 bekend as Koppiesdam. Ressorteer onder Sch.-R. na 1922 |
| iv. Dievedraai | 1919 | Sluit 1919 |

1. Vgl. Hoon: 'n Geskiedenis van die Onderwys van Blankes in Schweizer-Reneke en Omstreke 1889-1945, 112
2. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 16.11.1943
3. Joernaal van die Aandster Sentrale skool ged. 3.4.1945
4. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 12
5. Gegewens geput uit die notules van die Bloemhofse Skoolraad en Jaarverslae

| Skool | Geopen | Ander besonderhede |
|---|---|---|
| v. Doornhoek | 1914 | Ressorteer onder Sch.-R. na 1922 |
| vi. Ebenhaezer | 1914 | Idem |
| vii. Eerstebegin | 1915 | Idem |
| viii. Italie | 1918 | Delweryskool. Sluit 1919 |
| ix. Kameelpan | 1912 | Sluit 1912 |
| x. Kareelaagte | 1910 | Gesentraliseer op Kingswood in 1937 |
| xi. Kareebosfontein | 1910 | Idem |
| xii. Klipkuil 322 | 1908 | Sluit 1909 |
| xiii. Morokani | 1911 | Sluit 1914 |
| xiv. Newcastle | 1907 | Ressorteer onder Sch.-R. na 1922 |
| xv. Nuwejaarsfontein | 1916 | Sluit 1917 |
| xvi. Paardenfontein | 1916 | Sluit 1917 |
| xvii. Sterkwater | 1917 | Word O.P.S. Sluit 1926 |
| xviii. Uitkyk | 1929 | Vanaf 1933 onder Sch.-R. |
| xix. Willowbrook | 1920 | Sluit 1930 |
| xx. Zoet-en-Smart | 1909 | Vanaf 1922 onder Sch.-R. |